Sondag, 14 November 2021

God gee om en ons ook...

"Jy moet die pand beslis aan hom teruggee teen sononder, sodat hy in sy oorkleed kan slaap. Hy sal jou prys, en dit sal vir jou by die Here jou God geld as 'n regverdige daad. Onthou dat jy 'n slaaf was in Egipte, en dat die Here jou God jou daaruit vrygekoop het. Dit is waarom ek jou beveel om so op te tree."
(Deuteronomium 24:13 en 18)
"Nee, wanneer jy 'n feesmaal aanbied, nooi die armes, kreupeles, verlamdes, en blindes. Dan sal jy gelukkig wees, omdat hulle niks het om jou mee te vergoed nie…"
(Lukas 14:13-14a)

'n Stukkie wysheid uit die eerste jare van Israel se geskiedenis en 'n gedeelte jare later uit 'n tyd toe Jesus se voete spore in aardse stof getrap het? Die verband tussen hierdie gedeeltes, is God. God was daar in die tyd van Deuteronomium en Jesus was self God. Die God van die Ou Testament is ook die God van die Nuwe Testament en dit is hierdie God vir wie gelowiges moet leer ken. Wanneer ek hierdie God dan werklik leer ken, dan eers kan ek vra: "Here, wie is ek?" en "Here, hoe kan ek wees?"

God het nog altyd omgegee. As ons in 'n wêreld leef wat nie omgee nie, het óns dit so gemaak. God is besorg oor die mense wat op die rand van die samelewing te staan gekom het. Daarom gee God baie spesifieke reëls in Deuteronomium oor hoe God se mense met mense moet werk. Ook Jesus se lewe op aarde was 'n reisverhaal van Christus se ontmoetings met mense. Mense wat dikwels op die rand van die lewensruimte moes oorleef. Toe die weduwee se hele wêreld daar by die stadspoort tot stilstand kom, omdat haar enigste seun gesterf het, kom die Seun van die mens tot stilstand by haar, omdat Hy omgee. Wanneer God se kinders werklik omgee, proe 'n beker sop uit 'n sopkombuis soos brood en wyn, want Christus se sterwe was vir almal. Wanneer gelowiges nie by die mense op die rand van die lewensruimte gaan stilstaan nie, gaan ons by die Leermeester verbyloop.

God herinner Israel dikwels dat hulle ook eens slawe was in Egipte en omdat ook hulle op die rand van die lewensruimte was, moet hulle juis vir ander ruimte maak. Wanneer die kerk by mense stilstaan wat God se hulp nodig het, ontdek hulle dat Christus reeds daar is. God gee om vir mense wat nie hulleself kan help nie en Sy kerk ook. God gee om vir mense wat Hom nie kon terugbetaal nie en Sy kerk ook. **God gee om en ons ook...**

Ds. Johan Marais

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout; en die gesinsdiens in die saal deur ds. Jan Lubbe. Die diens is vooraf opgeneem en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube* kanaal na alle lidmate wat nie in die kerk kan wees nie, uitgestuur.

LITURGIE

Votum:	Lied 332:1, 2 & 4 God se liefde so oneindig Lukas 2:14
Seëngroet:	
Loflied:	Lied 215:1, 3 & 5 Besing die lof van Jesus saam
Gebed:	
Skriflesing:	Deut. 24: 6-22; Lukas 14:12-14 & Lukas 17:11-19
Tema:	God gee om en ons ook...
Woordverkondiging:	
Gebed:	
Samevatting van Wet:	Romeine 13:8-10
Verootmoedigingslied:	Lied 250:1, 2 & 3 God's wet vra al ons liefde
Vryspraak:	Psalm 103:8-12
Slotlied:	Lied 530:1, 2 & 3 Praat ek mense eng'letale
Seën:	
Orrelnaspel:	Verwerking van Lied 215 – Dalene Brits

Met besondere dank aan Dr. Johan Cromhout, Ampie Human, Danie Joubert, RW Adendorff, Germarie Adendorff, Sunette Boshoff (blomme), Adri van den Berg en Rita van Zyl vir jul bydraes om die opnames en uitsending moontlik te maak.

Ander Eredienste:

Sondag, 14 November	15:00 – teol.std. Steve Bopane (Sothodiens).
	18:00 – ds. Johan Marais (Afsluiting Senior Kategese).
Sondag, 21 November	09:30 – ds. Jan Lubbe (Kerssangdiens).
	15:00 – teol.std. Steve Bopane (Sothodiensafsluiting)
	18:00 – ds. Johan Marais

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES

Erediens- en deurkollektes, saam met u dankoffer, hou ons eredienste en bedieninge in stand, help met noodleniging en betaal ons ook elke Sondag 'n bedrag van ten minste R 500,00 oor aan die instansie soos op die program vir sinodale deurkollektes vermeld (14 November: Fonds vir Bearbeiding van Gevangenes).

Jy kan 'n kollekte of dankoffer na Berg-en-Dal oorbetaal, via die internet (eft) na **ABSA Tjekrek. 470-580-011,** of per snapscan – Baie dankie vir jou bydrae en gebed, en leef met ons visie:

Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig...

SnapScan

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

14 Nov	Corrie Geldenhuys, Twanette Koekemoer en Annalize Miennie.
15 Nov	Charles du Preez en Elize van Staden.
16 Nov	Lisa Bloem, Helena Buys, Michelle Coetzer, Susan Jordaan, Nicolaas J v Rensburg, Daniel Schulenberg, Gustav Schulenburg, Kobus Smit en Arno Theunissen.
17 Nov	Natie Hoffman, Hanna-Mari Hoffman, Karin Jacobs en Eduard Loots.
18 Nov	Riekie Barnard, Fienie Buchner en Tashalene Fourie.
19 Nov	Marietjie de Wet, Koos J v Vuuren, Louis Oberholzer, Dawie Roos en Elsie Schoombie.
20 Nov	Theresa Botha, Jan Davel, Dawie Kleynhans en Corrie Marais.

Dan gaan ons gebede uit na almal wat siek is, of in hospitale en tuis aansterk: Dawie Malan (Albrechtstr. 118, wyk 7a); Mike de Kock (Noorderbloem); Tannie Silma Erasmus (Albrechtstr. 73, wyk 2a); Rachelle Wilson (Albrechtstr. 122, wyk 7a); Esmé Schreuder (Siësta, wyk 10); Madeleine Human (Sewe Damme 56, wyk 8b); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a) en Marlian Schutte (Mockestr. 20, wyk 9b).

Ons vra ook voorbidding vir lidmate wat as ouderlinge en diakens vir ‘n nuwe termyn in die kerkraad verkies is. Mag jul die wysheid van die Here ontvang om ons gemeente se huishouding te bestuur:

Bedieningsvoorsitters: Faan du Toit (Barmhartigheid & Getuienis); Jankie Botha (Komitee vir Eiendomme, herkies).
Wyksouerlinge: Victor Reitz (leierouderling, herkies); Cas Harris (2, herkies); Velka Laubscher (6, hierkies); Neels de Leeuw (8); Jaco de Jager (14, herkies); Corné Francken (17); Dewald König (18); Lunette Visser en Hendrik Marx (reserwes).
Wyksdiakens: Jacques Potgieter (leierdiaken); Bremer Louw (6); Albie Rossouw (12, herkies); Johannes Herbst (14); Johan Minnaar (15) en Hanri v/d Berg (reserwe).

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

‘n Mannegebedsgroep tree in vir ons gemeente, land en mense. Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) as jy graag die gebedsversoeke wil ontvang.
Sondagoggend 08:30 is daar lidmate wat saam bid vir ons eredienste in Berg-en-Dal, die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan net daar by jou huis ook só stilword…
Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep is besig met die **Psalms**; ‘n kort video, werksblad en stemboodskap met inligting word per w/a uitgestuur. Kontak ds Jan by 082 784 9362.
Die Donderdagoggend-Bybelstudiegroep werk ook aanlyn, met die boek **Amos**, die skaap- en wildevyeboer van Tekoa: *“Ware geloof het hande en voete”*. Kontak gerus vir ds. Johan by 084 517 8052 om hierby in te skakel.

NG Kerk Vrystaat: Sinodale Konferensie

Die Moderamen nooi alle belangstellendes uit na ‘n sinodale konferensie op 23 en 24 November by Summerton Country Estate (anderkant Noordstad), ter voorbereiding vir volgende jaar se sinodesitting. ‘n Aantal aktuele temas word hanteer en registrasie kan gedoen word by https://www.ngkerkvrystaat.co.za/konferensie .

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:
Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir ondersteuning of gesprek is, kontak ons gerus.

Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:
In November sorg **Wyke 13** (Verre Weste) en **14** (Westdene) vir ons bediening van gasvryheid, sorg en omgee – indien jy wil help, skakel Rita van Zyl (083 656 1680).

POPI-Wet oor die beskerming van persoonlike inligting:
Maak asb. seker dat jou toestemmingsbrief by die kerkkantoor geteken is...

BEDIENINGE

GEMEENTEBEDIENING
Sondagmiddagete te bestel: Vir 28 November!
Ons bied weer 'n heerlike wegneem Sondagmiddagete aan: Twee frikadelle op rys, groenbone, pampoenpoffers, aartappelslaai en appeltert met vla @ R 80 p/p. Sms jou bestelling (073 180 3193) of plaas by die kerkkantoor vóór Maandag, 22/11 om 12:00.

Jaareind-Stilwordkans by Menuha:
Almal word uitgenooi om aan die einde van hierdie maand – Vrydag en Saterdag, 26 en 27 November 2021 – saam te kom na Menuha en in die mooi oop veld, stil te raak en God se heilsame teenwoordigheid te beleef, en tot rus te kom. Koste beloop R 350 p/p en sluit alles in. Kontak ds. Jan (082 784 9362) of die kerkkantoor vir bespreking.

Vrywillige hulp vir twee Sondagetes by Tweetoringkerk/Torings van Hoop?
Ons benodig vier vrywilligers om òf op Sondag, 28 November òf Sondag, 5 Desember by Tweetoringkerk te help met die voorbereiding van 'n middagete vir haweloses (tussen 10:00 en 12:00 in hul kombuis). Kontak die kerkkantoor as jul kan help...

Groot nuus oor die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling!
Die Bybelgenootskap het 'n spesiale aanbod vir die nuwe Afrikaanse Bybel: Medium-grootte, hardeband uitgawes @ R 99,00 is in die kerkkantoor beskikbaar.

***Kerkbode*-bestellings vir 2022:**
Weens gebrek aan belangstelling is besluit om nie meer die *Lig*-Tydskrif te bestel nie, maar gaan ons wel voort met bestellings van *Kerkbode*: Kom bespreek jou 16 uitgawes by die kerkkantoor vir 2022 @ R 240 vir die hele jaar. Bly op hoogte van kerknuus!

VAKANTE POSTE IN KERKKANTOOR @ BERG-EN-DAL

Ons gemeente se kantoorbestuurder, Rita van Zyl, tree in Maart 2022 af. Die kerkraad het besluit om die kantooradministrasie en -finansies te herstruktureer en twee vakatures te adverteer: 'n Skriba- en 'n kassierpos. Meer besonderhede is by oudl. Martie Bloem beskikbaar (martiebloem@gmail.com); aansoeke sluit op Vrydag, 26 November waarna 'n kortlys van kandidate saamgestel en onderhoude gevoer sal word.